£50	Annual Licence for the Brewing of Cape Beer (2) Annual Licence to sell Cape Wines, and Cape and Foreign Spirits, in the Table Valley




Fig 4

sory notes. Pairs of 1/- triangulars are to be found rouletted, on notes. (These stamps will be covered in future articles.)

Initially, taxable documents were taken to the Stamp Office in Cape Town and there impressed with the appropriate stamps. Later stamps were embossed on slips of paper approximately 172 by 80,3 mm and supplied to Distributors of Stamps at the various drostdys (magisterial offices) etc., where they were sold to the public as required. They were then affixed to the document by glue or wafers.

The 1825 issues are to be found on coloured laid paper – blue, white, azure and a pale greyish azure – and on white wove paper. A white to yellowish paper was the commonest used until around the 1860s, when blue predominated for the embossed issues. The paper bore a watermark, the year of manufacture and the name of the manufacturer.

The earliest I have seen has a Britannia watermark, the name “Laverstoke” and the date “1825”.

I have not seen the white wove paper with a watermark, and it appears to have been the least used.

The earliest pale greyish azure seen also has a Britannia watermark, the date “1827” and the name “W Tucker”.

There appears to be no real significance to the various colours, this see-

med to depend solely upon which manufacturer supplied the paper. This tends to be supported by the fact that I have five Powers of Attorney bearing 9d stamps on each of the five papers. (If anyone knows differently, I would be very pleased to hear from them.)

The Cape Town Gazette and African Advertiser for 8 November 1822 carries an advertisement. This requests “Tenders for the supply of 100 Reams (50 000 sheets) of Foolscap paper for use of the Stamp Office, stating price per ream accompanied by a sample of the paper, by 13th November 1822. P G Brink, Acting Commissioner, Stamp Office”. There was no mention of colour.

A further 50 000 sheets were requested on 1 March 1823, 11 July 1823 and 62 500 on 28 November 1823, another 50 000 on 3 April 1824 and 10 000 sheets on 30 July 1824.

In all 272 500 sheets were ordered over a period of sixteen months. The Cape Stamp Office was certainly getting through a lot of paper!

In Table II, I have listed the number of 1825 embossed stamps in my collection, together with those known in other collections (eg The Kay Collection in the British Library and Gary Ryan’s Gold Medal collection of Cape Revenues) plus information from dealers, and auction catalogues.

It is obviously a very incomplete listing because it does not take into account collections, dealers and auction catalogues around the world.

TABLE II

Cape of Good Hope: British Embossed Colourless Revenue Stamps 1825

Value	Number in my Coll.	Others known to me	Total	Price Rand
1/2d	15	11	26	35
3d	7	11	18	60
4d	11	5	16	80
4 1/2d	5	4	9	85
6d	6	18	24	50
9d	20	11	31	45
12d	1	2	3	125
18d	8	17	25	80
2/-	9	15	24	85
3/-	9	9	18	90
4/-	3	2	5	115
5/-	4	3	7	90
6/-	10	17	27	65
10/-	2	6	8	100
12/-	3	2	5	105
15/-	1	3	5	115
18/-	1	3	5	140
20/-	2	11	13	75
*25/-	2	1	3	170
30/-	5	13	18	115
£2	3	3	6	150
£3	3	3	6	160
*£4	1	0	1	260
£6	1	2	3	220
£10	0	1	1	275
£15	1	2	3	320
*£20	0	1	1	375
£50	0	1	1	430

* Not listed by Sherwood

But from the point of view of my 25 years of collecting (the last 15 years, exclusively Cape Revenues) it does give a rough idea of which values are commonest and which are the rare ones. I still await my first 1825 £10, £20 and £50.

The price quoted are an update of the Sherwood South African Revenues Catalogue of 1980, and prices I have paid or noted. If anyone has any suggestions regarding prices I would be very pleased to hear from them.

Acknowledgements

Virtually all the historical information in this article including all references to

Stamp Tariffs comes from the Cape Records held by the British Library and stored in Doncaster, Yorkshire. They are shipped to London when required for research by a reader.

My sincere thanks to Mr Richard Chefins, Head of Official Publications and Social Sciences Services at the British Library in London for his kind assistance in making available to me the various Cape publications listed below, and to Chrissie Ronalds of the Photocopy Desk in BL Reproductions for help in producing a mountain of photocopying, most expertly done. ■

References

British Library Records:

Cape of Good Hope Proclamations and Government Advertisements, from 10 January 1806 to 25 January 1825, Ref. No. CSD10

Cape Town Gazette and African Advertiser, from 18 January 1806 to 26 December 1827 Ref. No OGC70

Cape of Good Hope Gazette, from 3 January 1818 to 31 December 1830 Ref. No OGC70

Other References

Revenue Stamps of the Cape of Good Hope, Natal, Orange River Colony and Transvaal by Leonard J Dodd, Pretoria, 1958 and 1967 Editions.

Catalogue of the Revenue Stamps of South Africa by Eric Sherwood, Sale, Cheshire, England, published 1980, with prices.

■ JOH GROENEWALD RDPSA *Anglo-Boer War Philatelic Society*

‘Stopped by censor’ – hoe party briewe teruggekomp het

“STOPPED BY CENSOR – Return To Sender” – maar het die briewe ooit teruggekomp?

Dit was in die eerste maande van 1900, en die Britse Ryk was gewikkel in oorlog met die twee klein Boere-republieke in die Suid-Afrikaanse binneland.

Posverbindinge tussen die republieke en die aangrensende Britse kolonies is met die begin van die oorlog in Oktober 1899 opgeskort. Die republieke het egter nog ’n pos-poort na die buiteland gehad: die hawe van Lourenço Marques in Delagoabaai, in die neutrale Portugees-Oos-Afrika.

Vanuit die republieke is pos na die buurlande en na die buiteland gemerk “via Delagoabaai”, en vir Europese pos soms selfs met die naam van ’n vertrekkende skip.

Die meeste van die pos was vir die res van Suid-Afrika of vir Brittanje en is van Delagoabaai verskep na Durban.

Hier is die briewe ooggemaak en meestal teruggehou. Party is gemerk “Mail service suspended”. Sulke stempels vir “posdiens opgeskort” is egter in hoofsaak (in Kaapstad en Durban) gebruik vir pos wat vanuit die Kaapkolonie en Natal na die republieke gerig is.*

Hierdie kennisgewing beteken bloot wat dit sê: daar is geen posdiens nie want dit is gestaak.

In werklikheid was daar steeds ’n posdiens (oor Delagoabaai), onderhewig aan briewesensuur. Vroeg in

DIE skrywer se versameling van die Boerepos in die Tweede Vryheidsoorlog is by Disa 79 met ’n internasionale Grand Prix bekroon, en is sedertdien ’n waardevolle besit van die Oorlogsmuseum in Bloemfontein. Soos hierdie artikel toon, het sy belangstelling in sy onderwerp voorgeduur.

Joh Groenewald is ook voorsitter van die Filateliese Federasie se bestuurskomitee, die vorige redakteur van *The SA Philatelist*, en steeds voorsitter van die Federasie se subkomitee vir die tydskrif.

1900 het ’n reghoekig omraamde handstempel in Durban verskyn, met in hoofletters:

STOPPED BY CENSOR RETURN TO SENDER

Hierdie merk, in violet, word hoofsaaklik gevind op posstukke vanuit

die republieke. Die aanwysing lui dat die sensor die brief onderskep het en dat dit aan die afsender terugbesorg moet word – nie omrede die “diens opgeskort” is nie, maar waarskynlik omrede van sensuur.

Die merk is aangebring op die voorkant van poskaarte en van briewe, al het die briewe verdere plakkers wat aandui dat sensors dit oopgesny en weer verseël het.

Sulke posstukke het reëlmatig dan ook op die voorkant die enkelkringstempel van die “RETURNED LETTER OFFICE / NATAL” met datum in die middel.

Dit het nog altyd gelyk of hierdie kantoor die laaste rusplek vir menige brief geword het. “Return to sender”? In die afgelope halfeeu se studie van




Fig 1: Koevert vanuit die ZAR na Kaapstad, via Delagoabaai. (Fig 2 toon die rugkant).

die oorlogspost was daar nog nooit getuienis dat enige briewe ooit teruggestuur is nie.

Nou het ons twee soorte voorbeelde wat bevestig dat dit wel gebeur het.

Dr Mark Chutter van Pretoria het 'n koevert met twee ZAR 1d seëls, gestempel Potchefstroom op 27 Januarie 1900 na Kaapstad. (Fig 1) Die pienk ZAR-sensorplakker "Geopend onder Krijgswet" is linksom, met 'n Pretoriase rugstempel van 29 Januarie 1900. (Fig 2)

Die Durbanse aankomsmerk is vir 7 Februarie 1900. Voor op die koevert is die reghoekige STOPPED BY CENSOR / RETURN TO SENDER, met die sensorplakker "Opend under Martial Law" bo-oor die hoek van die reghoekmerk.

Ook op die sigkant is die stempel van die Returned Letter Office/Natal met moeilik leesbare datum 19-2-00.

Mark het nie die oorspronklike brief nie, maar binne die koevert is 'n bleekgroen papiertjie (Fig 3) van 64 mm diep by 107 mm wyd, met daarop gedruk:

Deze brief is niet verzonden, daar de militaire autoriteiten in Natal weigeren brieven van dezen Staat te laten doorgaan.
 ISAAC VAN ALPHEN
 Postmeester-Generaal

Aan die regterkant is daar in twee lyne "Datum" en "Stempel" en hier-tussen is 'n dubbelkring-stempel aangebring: "ONAFGEHAALDEN BRIEVEN DEPT / Z.A.R." met datum -9 MRT 00.

Dus het die brief teruggekom, met die verklaring oor die omstandighede. Mark benadruk dat daar niks is wat die strokie met die koevert verbind nie, behalwe dat hy die twee items jare gelede as 'n eenheid verkry het.

Die tweede soort voorbeeld is verskaf deur Harry Birkhead RDPSA.

Die koevertjie is aan Misses K & J Leask, c/o Mrs Copland, Dundas St, Stromness, Orkney, Scotland. Dit is gefrankeer met 2 ZAR 1d seëls en een 1/2d seël (vir die oorsese brieftarief van 2 1/2d), gestempel Wolmaransstad/ZAR op 6 Januarie 1900. (Fig 4)

Dit is van hul ma, aan die twee klein meisietjies op kosskool: (Fig 5) Dit lees:

Wolmaransstad
 Jany 5th 1900

*My darling Children
 Another year has dawned on us. You are still young and I am getting advanced in years, but may we all be enabled to spend this year better than any previous year of our life. May God give us grace to do our duty faithfully. May we all be enabled to live nearer our Heavenly Father, and to perform our daily routine conscientiously.*




Fig 2: Rugkant met sensorplakker



Fig 3: Binne die ZAR-koevert was die strokie met die verduideliking onder die naam van die ZAR se Postmeester-generaal, gestempel met die datumstempel van die onafgehaalde briewe-departement.




Fig 4: Die koevertjie aan twee jong meisies op kosskool in die Orkade.




Fig 5

Try and learn your lessons well and be good girls, both in school and out of it, & I hope we will receive as favourable reports of you when the war is over. Never forget to be gentle and polite . . . [en verder in hierdie trans] Ever your loving Mother

Die ZAR-sensorplakker is in Pretoria gerugstempel op 30 Januarie 1900. In Durban het die brief die "Opened under Martial Law"-plakker gekry, die merk "Stopped by Censor/Return to Sender" en die Returned Letter Office se stempel van . . .-2-00.

Hierdie brief het in Wolmaransstad teruggekom in 'n groen amptelike koevert ("In Dienst") gerig aan "Mrs Leask, Wolmaransstad" (Fig 6). Die koevert het aan die regterkant die woorde "Terugezonden Brief", met links bo: "Wet No 1, 1886 (Art 61)" en links onder: "Terugezonden Brieven Departement, Generale Postkantoor, Pretoria, Z.A.R." met bo-oor hierdie adres 'n klein reghoekige omraamde stempel in donker violet.

Dit lees:




Fig 6

Die amptelike koevert waarin die moeder se brief teruggekom het, nadat die sensor in Durban dit na die ZAR teruggestuur het.

ISAAC VAN ALPHEN
Postmeester Generaal
Z.A. Republiek

Die koevert, wat aan die bokant oopgesny is, het 'n Pretoriase poststempel vir 6 Maart 1900, 'n Johannesburgse rugstempel van 6 Maart 1900 en die aankomsmerk vir Wolmaransstad op 8 Maart 1900.

'n Tweede soortgelyke koevert is op Wolmaransstad gestempel op 21 Januarie 1900, met 'n Pretoriase rugstempel van 22 Januarie 1900. Die pienk ZAR-sensorplakker "Geopend onder Krijgswet" het 'n Pretoriase stempel van 30 Januarie 1900.

Ook hierdie koevert het die "Stopped by Censor/Return to Sender", en die Returned Letter Office/Natal se datumstempel vir 20-2-00.

Die amptelike ZAR-koevert vir die "Terugezonden Brief" toon die Pretoriase stempel vir 6 Maart 1900, 9.30 vm; 'n Johannesburgse deurgangsmerk van 6 Maart 1900, 4.30 nm; en die Wolmaransstadse aankomsmerk van 8 Maart 1900. Voorop het die koevert ook Van Alphen se

stempeltjie.

Soos die vorige, is hierdie ouerlike briefie gerig aan *My darling Children* en geteken deur *Ever your loving Mother*. Die datum van die briefie is 21 Januarie 1900.

Getuienis van 'n hartelose Britse sensor? Minstens het die ouers toe geweet wat van die briefie geword het.

Hierdie twee koevertjies, met briefies en die terugstuur-koeverte, het sorgvuldig as eenhede bewaar gebly. Anders as die voorbeeld van Mark Chutter, is daar nie enige verduidelikende poskantoorstrokie by nie.

*** Verwys:**

The "Mail Service Suspended" cachets applied at Cape Town and Durban. Richard Stroud. *The Anglo-Boer War Philatelist*, Vol 34 No 4, December 1991.

The "Mail Service Suspended" and "Stopped by Censor" cachets applied at Durban. Richard Stroud. *The Anglo-Boer War Philatelist*, Vol 35 No 3, September 1992.

■ FRANK VAN RENSBURG *West Rand Philatelic Society*

The Jackass Penguin booklet and its forerunners

IT was found that outlets selling picture postcards to tourists could not readily supply stamps for the cards to be sent airmail to overseas friends/relatives. Meanwhile, all unsold "Tourism" booklets held by Philatelic Ser-

vices were acquired by Leisure Stamps, of Horison, Roodepoort.

A single strip of 10 x 5c stamps was pasted into the inside front cover (Fig. 1) of the "Easipost" booklet (Fig. 2) and made available at Kruger

ON p56 of *The SA Philatelist*, April 1996, the Senior Manager, Philatelic Services, responded to a question concerning current rumours about 90c international postcard rate booklets.

Fortunately, the author of this article had kept abreast of the situation, and the picture can now be rounded out thoroughly, and with illustrations.

It must be recorded that no information, except what was provided in response to direct questions, was released to collectors or *The SA Philatelist*, and that the illustrations are from the author, and not from Philatelic Services.



National Park as a market survey. A sticker "FOR OVERSEAS POSTCARDS ONLY" was affixed to the cover with instructions to use 1 x 85c plus 1 x 5c stamp (Fig. 2) making a total of 90c which is the international airmail postcard rate.

These 90c booklets (5 + 85c) proved so popular that further orders were received, but as complete tourism booklets were no longer available and tourism booklet stamps depleted, all unused tourism folders were attained. A strip of 5 x 2 stamps of the tourism series sold in post offices to the general public was pasted therein with two rows of 5 x 5c stamps. Two versions of this booklet was made, one with the 5c succulent stamp, and the other with the 5c girdle-tailed lizard (Figs. 3 and 4).

The 85c stamps were, of course the same as those shown on the inside back cover at Fig. 1.



The sticker which was used previously was again affixed. These booklets too, were soon sold out. To replenish orders, booklets of the 45c "AVIATION" series which were still available were used, and a sticker affixed with instructions to use 2 x 45c stamps (Fig. 5).

Of the Aviation booklets, only the May 1993 cream board with basic postage rates on the inside front cover, and July 1993 white board with station numbers on the inside flap and the "Savings Bank Certificates" advertisement on the back cover, have been seen. However, as no record was kept of the individual types of the aviation folders, there is a strong possibility that the May 1993 issue on white board, without basic postage rates on inside front cover, was also used.

Approximately 22 000 Tourism and 1 700 Aviation booklets were prepared.

The idea of providing stamp booklets for international airmail postcards at the Kruger National Park was so successful that it was decided to produce booklets with stamps for such cards. The first is the "Jackass

76 (816) 72:3



Penguin" booklet (Fig. 6) containing 10 x 90c penguin stamps of the Threatened Fauna Series.

Release of the Jackass Penguin booklet was announced on 15 January 1996 on GMSA television by Dr Franco Frescura, Senior Manager, Philatelic Services and DR McCabe, Managing Director of Leisure

Stamps.

Rumour has it that a more "tourist attractive" stamp booklet with appropriate international airmail postcard stamps will be issued shortly.

(Editor: The rumour was not confirmed/denied by Frescura in the response referred to above. See also p92.)

The SA Philatelist June 1996

Gedagtes oor filateliese rariteite

ELKE filatelis streef daarna om iets uitsonderliks vir sy versameling te bekom, hetsy dit 'n posseël met 'n afwyking is, of 'n rare posstempel. Dit maak nie net 'n versameling uniek en waardevol nie, maar verskaf ook groot genoegdoening aan die eienaar.

Die vraag is egter: hoe betroubaar is rare posstempels om *bona fide*, in die normale uitvoering van 'n posbeampte se pligte of deur toevallige meganiese toedoen geskep te gewees het? Of miskien moet gevra word: hoe betroubaar is posbeampstes aan wie se sorg en verantwoordelikheid posstempels en meganiese toerusting toevertrou is? Is baie sogenaamde rare posmerke nie maar gemanipuleer-

WILLIE KOTZÉ het die eerste maal tot *The SA Philatelist* bygedra met "RSA se apartheidsmeeesters" (Oktober 1994, p 140). Hy is ook 'n gerekende Afrikaanse prosaïs, 'n oud-LV en voormalige ambassadeur in Bophuthatswana.

Die volledige titel waaronder hy hierdie artikel voorberei het, is "Is filateliese rariteite, meer bepaald posstempels, altyd betroubaar?"

de materiaal nie? 'n Verder vraag wat gevra moet word is: wat is die filateliese waarde van sulke "gefabriseerde" materiaal?

Rare Posmerke

Met 'n rare posstempel of -merk be-




Fig 2

doel ek 'n stempel wat te goedertrou in die normale uitvoering van sy taak, sonder enige manipulasie, deur 'n posbeampte in 'n poskantoor deur middel van 'n hand-posstempel of meganiese toerusting geskep is om iets unieks te wees.

'n Voorbeeld wat ek wil gebruik is 'n poskaart wat op 26 Desember 1910 te Devondale (Kaapprovinsie) gestempel is. (Fig 1) Dit was op Tweede Kersdag. Ek kan my dit indink dat 'n ywerige en toegewyde posbeampte op 'n klein plekkie soos Devondale, die pos selfs op 'n vakansiedag sal sorteer. Want daar is seker niks anders te doen nie!

Omdat die poskaart op Tweede Kersdag afgestempel is, is dit 'n rare of unieke posstempel. En ek hou my daarvan oortuig dat dit nie 'n foefie was nie, want Fig 2 dui aan dat 'n soortgelyke poskaart op 25 Desember 1912 (Kersdag) afgestempel is, ook by Devondale, die keer by ontvangs, op die rugkant.

So ook die posstuk by Fig 3 wat op 2 Januarie 1913 afgestempel is, terwyl 2 Januarie tot betreklik onlangs 'n openbare vakansiedag (Tweede Nuwejaar) vir die Kaap was. Die optrede deur die posbeampte te Devondale is te patroonmatig, want ek beskik oor verskeie ander voorbeelde, om foefies te kan wees. Elkeen van hulle is unieke versamelstukke, in die sin dat elke




Fig 1




Fig 3

individuele poststuk uniek is – die stempels is dit uiteraard nie.

Foefies

'n Posstempel wat 'n foefie, vervalsing, boereverneukery of bedrog is – noem dit wat u wil – is een waar daar ooglopend met die posstempel of meganiese toerusting gepeuter is om iets buite die normale te skep. Dit wil sê waar die posbeampte nie op 'n betroubare wyse rekenskap gegee het van die taak en verantwoordelikheid wat aan hom toevertrou was nie, naamlik die korrekte hantering volgens posbedryfinstruksies van die posstempel en/of toerusting nie.

Daar is streng voorskrifte in die posbedryfinstruksies betreffende die gebruik van poskantoordatumstempels wanneer spesiale versoeke deur filateliste ontvang word: Dit moet summier geweier word!

(Vir die volledige teks van paragrafe 16.6.1 en 16.6.2 van die posbedryfinstruksies in hierdie verband, sien later.)

Die vraag is nou: het so 'n vervalsing enige filateliese waarde? Die meeste filateliste sal waarskynlik "nee" sê, maar andere sal ook "ja!" sê. Ek wil my by laasgenoemde skaar, want vervalste posseëls het filateliese waarde en maak goeie versamelstukke. Waarom nie ook iets wat met 'n posstempel geskep is nie? Vindingrykheid wat deur 'n versamelaar aan die dag gelê word, kan 'n bydraende faktor wees om iets buitengewoons oor 'n poskantoortoonbank te bekom.

Ek wil egter 'n kwalifikasie hieraan toevoeg, en dit is dat so 'n poststuk posdiens met sy vervalste posstempel moes verrig het.

'n Voorbeeld van 'n foefie wat nie posdiens kon verrig het nie, is by Fig 4 te sien. Die koevert is op 1987-05-




Fig 4




Fig 5

07 op Kamanjab uitgereik, maar dit is op dieselfde dag ook op Aranos afgestempel. Die koevert is aan niemand geadresseer nie. Aranos het nie 'n filatelietoonbank waar eersaterdagkoeverte op die dag van uitreiking gekoop kan word nie. Die posstempel is inder-

waarheid teruggedraai toe hierdie koevert veertien dae ná die uitreikingsdatum vanaf Filateliedienste op Aranos ontvang is.

Paragraaf 16.6.2 van die posbedryfinstruksies is in hierdie geval wilens en wetens oortree. Maar bloot die feit dat die koevert op aanvraag strydig met die regulasies afgestempel is, beteken nie dat die betrokke posstempel genegeer of weggewens kan word nie. Dit is daar! En daarom is dit toegevoegde waarde. As so 'n foefie by dit alles nog posdiens ook verrig het, is dit toegevoegde waarde plus 'n bonus, na my mening.

'n Moontlike voorbeeld van so 'n foefie wat posdiens kon verrig het, is te sien by Fig 5. Die koevert is op 2 Junie 1953 met die kroning van koningin Elizabeth in Bloemfontein afgestempel, wat 'n Sondag was. Ek weet nie of die Bloemfontein Poskantoor op 'n Sondag oop was om afstempeling van koeverte te doen, wat




Fig 6

nie as amptelike eerstedagkovert deur die Poskantoor uitgereik is nie. Ek betwyfel dit ten sterkste en glo dat die posstempel willens en wetens gestel is om 'n buitengewone posstuk te skep. Die kovert is behoorlik geadresseer. Voordeel word dus aan die twyfel gegee of die kovert wel posdiens verrig het.

Fig 6 is 'n duidelike voorbeeld van manipulasie. Met die uitfasering – filateliegewys – van die ou konstitusionele stelsel van 'n blanke parlement onder Staatspresident P.W. Botha en oorskakeling na die Driekamerparlement, wat deur artikel 37 van die Wet op die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, Wet No 110 van 1983, geskep is, is op 1985-01-24 weggedoen met die bestaande posstempel van die Parlement.

Die poskaart by Fig 6 is behoorlik geadresseer na 'n bestemming in Mafikeng en op bogenoemde datum, die laaste van die gebruik van posstempel nr. 8007, daarmee afgestempel. Dit impliseer dat die posstuk op gemelde datum gepos is. Maar op 85.1.25 is dit ook met die nuwe stempel afgestempel, wat beteken dat dit nie op 24 Januarie 1985 as 'n posstuk ingeneem is nie. Die poskaart is goedskiks op 25 Januarie 1985 van beide stempels voorsien. Die posstuk en stempels dra dus die littekens, hoewel baie netjies, van manipulasie.

'n Voorbeeld van waar daar nie met die posstempel gepeuter is nie, maar eerder 'n toonbeeld is van effektiwiteit van vervloë jare, word by Fig 7 gevind. Die betrokke poskaart is op 1 Maart 1930 op Tafelberg gepos en op dieselfde dag is dit, nadat dit reeds posdiens verrig het, deur Kaapstad gesorteer, afgestempel en op sy reis na Vryburg geplaas.

Dit was nie opsetlike manipulasie met die doel om op dieselfde dag 'n posstempel van twee verskillende poskantore op die posstuk te kry soos wat die geval met die posstuk by Fig 4 was nie. Dit was die gebruik om posstukke te stempel elke keer as dit vir 'n nuwe bestemming gesorteer en versend word.

Anders as wat die geval was met die posstukke by Fig 4 tot Fig 6, is hier by Fig 7 dus geen sprake van onbetroubaarheid deur beamptes wat posstempels in hulle hande hou as die bewaarders van 'n erekode nie.

Hulpvaardigheid deur welmenende posbeamptes kan ook vir groot opwinding sorg en ware filateliese juwele oplewer. Maar heelpad is dit een lang oortreding van die Posbedryfin-




Fig 7




Fig 8

struksies.

Die posstuk by Fig 8 is op 17.VI.85 in Windhoek geregistreer op die dag van die inhuulding deur Staatspresident P.W. Botha van die Oorgangsregering van Nasionale Eenheid vir SWA/Namibië. Die posstuk is te Aranos afgelewer sonder dat Windhoek die seëls behoorlik met die belangrike historiese datum afgestempel het.

Daar het net 'n paar merke op die 11c-seël by Fig 8 verskyn soos met die pyltjie aangedui, en ook aan my bevestig is deur 'n brief van die posmeester van Windhoek, gedateer 4 Julie 1985. Dit lees ten dele: "Dit spyt my om te verneem dat die posstukke wat ingehandig is, nie reg behandel is nie . . . Die kovert is nou van die nodige datumstempels voorsien . . ."

Die posstuk is aan die Windhoek Poskantoor teruggestuur met die versoek dat die seëls gekanselleer moet word met 'n posstempel wat teruggedraai is na 17.VI.85, wat die datum is waarop die stuk geregistreer is. En hoewel die posstuk behoorlik as geregistreerde stuk te Aranos afgelewer en




Fig 9

deur die geadresseerde ontvang is, waarmee die poskantoor inderwaarheid sy taak volvoer het, is geredelik aan die versoek voldoen om die datumstempel terug te draai en die kovert weer eens te stempel.

Fig 9 toon 'n posstempel aan van 2.11.90 waarvan die slagspreuk onderstebo is. Ek het die posstuk toevaldig self deur die pos ontvang en glo dat die huls van die slagspreuk op 'n bona fide wyse onderstebo aangebring is.

Die huls is ongeveer 7cm van die posstempel geleë en die strepe wat dit veroorsaak, loop simmetries met die baan op die posstempel. Dit is die normale posisie van 'n huls teenoor die posstempel en dui daarop dat die posstuk meganies gerojier is.

Dit is dus 'n ware afwyking van die

normale, wat iets heeltemal anders is as die manipulasie van hulse en poststempels wat ek twee jaar vroeër ervaar het.

Vloedramp

Die verwoestende vloedramp van 1987/88 het tot gevolg gehad dat die Regering besluit het 10c toeslag te plaas op die 16c-vastereeksseël. Hierdie seëls is op 1987-11-18 uitgereik met die woorde: "Vloedramp Natal" en "Natal Flood Disaster + 10c" afwisselend oorgedruk.

Die slagspreuk: "Help/Vloedramp/Flood Disaster/Natal" is aan agt poskantore in die land uitgereik, naamlik: Johannesburg, Pretoria, Durban, Pietermaritzburg, Bloemfontein, Kaapstad, Port Elizabeth en Kimberley.

Die vloedskade het voortgeduur en 'n verdere geleentheid tot noodleniging is geskep met die uitgifte van die Hugenote-seëlreeks (1988-04-13) wat afwisselend met die woorde "Nasionale Vloedramp" en "National Flood Disaster + 10c" oorgedruk is.

Die volgende slagspreuk is aan dieselfde agt poskantore soos hierbo genoem uitgereik met 'n duidelike aan-




Fig 10
kondiging dat dit op die datum van die seëluitgifte in gebruik geneem sal word: "Rampnoodleniging Koop Toeslag seëls/Disaster Reliefs Buy Surcharge Stamps."

In 'n poging om bogenoemde twee slagspreuke van al agt poskantore te bekom, het skeppings na vore gekom wat 'n versameling van 45 bladsye beslaan.

Die aanvanklike versoek was bloot

dat die seëls met die betrokke slagspreuk afgestempel word sodat dit duidelik leesbaar is, terwyl die poststempel slegs die rand van die seël moet raak omdat ek die koeverte as versamelstukke wil gebruik.


By Fig 10 is slegs die eerste item meganies deur die seëlrojeremasjien gerojeer. Die daaropvolgende twee items is uit eie beweging deur die Postmeester van Pietermaritzburg met die

South African Stamp Fairs announce the WEST RAND STAMP FAIR

N.G. CHURCH HALL
8TH AVENUE, FLORIDA SOUTH
08:30 am/vm to/tot 16:30 pm/nm
ADMISSION FREE/TOEGANG GRATIS
Tables available, dealers welcome, clubs special rates
Tafels beskikbaar, handelaars welkom, klubs spesiale tarief
CREDIT CARD FACILITIES AVAILABLE

1996 DATES/DATUM
Every Second Saturday of the Month

*8 June *13 July/Julie *10 Aug *14
Sept *12 Oct/Okt *9 Nov
*14 Dec/Des



ENQUIRIES/NAVRAE:
TELEPHONE/SKAKEL: (011) 828-5460
LIGHT REFRESHMENTS/
LIGTE VERVERSINGS

AGENT FOR POST OFFICE NOW IN ATTENDANCE

OBTAIN ALL NEW
ISSUES AT
POST OFFICE
PRICES

example:
1991 Ciskei Stars
R10-85 the set

Cylinder blocks
R43.40 set

Ask for others
P O Box 6440
Homestead 1412


EAST RAND STAMP FAIR

N.G. CHURCH HALL (MORIA HALL)
BELHAMBRA ROAD/WEG,
PRIMROSE EAST/OOS,
GERMISTON

08:30 am/vm to/tot 16:30 pm/nm
ADMISSION FREE/TOEGANG GRATIS
Tables available, dealers welcome, clubs special rates
Tafels beskikbaar, handelaars welkom, klubs spesiale tarief

1996 DATES/DATUMS
Every Last Saturday of the Month

*29 June *27 July/Julie *31 Aug
*28 Sept * 26 Oct/Okt *30 Nov
*27 & 28 Dec/Des



ENQUIRIES/NAVRAE:
TELEPHONE/SKAKEL: (011) 828-5460
LIGHT REFRESHMENTS/LIGTE VERVERSINGS

hand afgestempel "omdat die afstempeling wat meganies gedoen is van 'n swak gehalte is daar die seëlrojerma-sjien die afstempeling teen 'n hoë spoed doen en gehaltebeheer onmoontlik is," aldus die Posmeester van Pietermaritzburg. Hy skryf verder soos volg: "Die stempels . . . is om die rede onleesbaar en waardeloos as versamelstuk. Ek sluit ander koeverte in wat per hand gedoen is en waarop die slagspreuk en datum duidelik voorkom."

Let op die posisie by items 2 en 3 van die posstempel teenoor dié van die seël, die dikte van die inkstrepe en die posisie van die huls teenoor die stempel in vergelyking met item 1 van Fig 10. Dit beteken dat die rojerma-sjienhulse spesiaal gemanipuleer is en dat 'n filateliese rariteit geskep is deurdat die meganiese proses hier "gefnuik" is.

Hierdie optrede deur die Posmeester van Pietermaritzburg het my op die gedagte gebring om al agt die poskantore wat met die hulse toegerus was, te vra om die afstempeling met die hand te doen.

Die presiese omvang en betekenis van hierdie optrede deur die Posmeester van Pietermaritzburg word beklemtoon in 'n brief van die Streekdirekteur: Noord-Kaapland, wat soos volg lui:

"Die betrokke hulse is vir gebruik in seëlrojerma-sjiene ontwerp en kan nie normaalweg vir handstempeling aangewend word nie. Voldoening aan u versoek, sal vereis dat die betrokke rojerma-sjienhulse spesiaal gemanipuleer moet word wat nie gewoon gangbaar is nie. Dit sal ook meebring dat 'n filateliese rariteit geskep word wat nie billik of regverdig teenoor ander filateliste sal wees nie. Ooreenkomstig Posbedryfinstruksies is die terugdraai van die datum- en tyndekssyfers of -letters van datumstempels ongelukkig ook nie toelaatbaar nie, hetsy rojerma-sjienhulse of handstempels."

Nieteenstaande die Streekdirekteur se antwoord hierbo, het Kimberley Poskantoor tog my posstukke met die hand afgestempel en selfs die datumstempel by item 1 van Fig. 11 terugdraai na 14.11.88. Let op die dikte van die ink, die kurwes wat die strepe van die huls maak, die afstand tussen die huls en die posstempel by item 2. Die huls lê by item 2 aan die regterkant van die stempel, wat verkeerd is omdat die slagspreuk nie veronderstel is om oor die seël te strek




Fig 11

nie, want dit maak dit onleesbaar. Die graad waarmee die huls by genoemde item teenoor die stempel lê is opvallend. Dit alles is duidelike bewyse dat die stempels en hulse gemanipuleer is.

Soos gesê, het ek talle verdere voorbeelde van soortgelyke manipulasie in verband met die vloedramp-verhaal. Byvoorbeeld: hulse wat nooit in Kaapstad gebruik is nie, is op my versoek in Pretoria as afstempelingsvoorsien en in Kaapstad na-gedateer.

Ook poskantore elders (Pietermaritzburg, Bloemfontein, Durban, Pretoria en Johannesburg) het gereedelik aan soortgelyke versoeke voldoen.

Presies welke filateliese rariteite bostaande materiaal – betreffende die vloedramp – is, en in hoe 'n erge mate die posbedryfinstruksies sonder uitsondering deur al die groot poskantore wat ek aan die begin genoem het, oortree is, word weerspieël in die brief van die Streekdirekteur: Noord-Kaapland wat hierbo aangehaal is.

Dit word onderstreep deur onderstaande memo, wat seker as 'n ernstige teregwyding beskou kan word, deur die Senior Direkteur: Posdienste aan die Streekdirekteur OVS gerig na aanleiding van 'n verdere versoek om handgestempelde koeverte te bekom:

"1.0 Dit is ongelukkig nie duidelik onder watter omstandighede daar aan die buitengewone versoeke van dr. W.D. Kotzé voldoen is nie, veral gedagtig daaraan dat die voorskrifte in die Posbedryfinstruksies met betrekking tot die afstempeling van filateliese stukke uitdruklik soos volg bepaal –

1.1 Paragraaf 16.6.1 – Die enigste datumstempels waarmee posseëls vir filateliedoeleindes afgestempel mag word, is die volgende:

16.6.1.1 Gewone poskantoor datumstempels

16.6.1.2 Permanente spesiale datumstempels

16.6.1.3 Tydelike spesiale eendag- en tydperk-datumstempels.

1.2 Paragraaf 16.6.2 – Ten einde wanpraktike te voorkom, word die terugdraai van die datum- en tyndekssyfers of -letters van datumstempels ten strengste verbied. Dit volg dus dat indien 'n filateliese versoek dat die datum van 'n datumstempel teruggedraai moet word vir die afstempeling van posseëls op 'n filateliese stuk, sodanige versoek summier geweier moet word.

2.0 Aan die hand van die voorafgaande blyk dit dat die koeverte wat op dr. Kotzé se versoek van 2 Februarie 1988 met die gewone Bloemfontein hand-datumstempel en 'n afdruk van die slagspreuk, 'HELP/VLOEDRAMP NATAL' afgestempel is, onreëlmatig behandel is aangesien slagspreuke in die gewone gang van sake nie tesame met gewone datumstempels uitgereik en gebruik word nie. Insgelyks is die 4 koeverte wat op sy versoek van 14 April 1988 met die 'Pilanshoek 1688 - 1938' datumstempel (teruggedraai tot 13 April 1988) afgestempel is, asook dié waarna in paragraaf 3.2 van die Posmeester, Bloemfontein se brief van 16 Julie 1988 verwys word, onreëlmatig behandel."

Slotsom

Die slotsom waartoe gekom kan word is ongelukkig dat filateliese rariteite nie altyd betroubaar is om in die normale bedryf van die posdiens geskep te gewees het nie. Manipulasie vind plaas, en items vind hulle weg na die versamelings van filateliste wat nooit onder normale omstandighede daar sou gekom het nie.

Dieselfde gebeur ook ten opsigte van posseëls. 'n Mens sien dikwels items wat twyfel by jou laat ontstaan of sulke materiaal ooit oor 'n poskantoor toonbank verkoop is. Vandaar die volbladadvertensie op die voorblad van *The SA Philatelist*, Nr 6 Desember 1995, aangaande seëls wat (by die Staatsdrukker/Poskantoor?) gesteel is.

The C-crown-C and other early South African postal slogans

IN the April 1994 issue of *The SA Philatelist*, p39, I wrote about two early slogans. There was some very encouraging reaction to that article, and I am in the process of following up on some information as a result. The previous reaction has led me to present the following, and I hope that again there will be readers who will be able to add information to our philatelic record.

In that article, I mentioned the book *A Chronology of the Postal Slogans of South Africa*, which was published in 1979 by S J (Fanie) Vermaak RDPSA. The items dealt with then are the C-crown-C mark of the Cape Colony, and the mark bearing the word TRANSVAAL.

Vermaak did not include the C-crown-C item, but commenced his book with the TRANSVAAL cancel-

INSTEAD of his usual postmark column, Neville Gomm in this issue returns to one of his favourite research subjects.

Since 1992, his writing and research have earned him congress awards and research have most notably for his "Operational area territorial divisions in the SWA war" in *The SA Philatelist*, March/April 1992, p34.

lation. I can still do with more good photocopies and information of these two items as there are still some outstanding questions concerning the C-crown-C cancellation.

They are posed in this article in the hope that answers will be obtained. (Is it not an indictment that almost a century after the introduction of this postmark, we are still not able to tell its full story?)

Since the April 1994 article, I have had an opportunity to peruse some

more sources. The most important aspect is to determine the brand of machine that was used to apply the early C-crown-C marks with the large letters and crown as in the illustration (Fig 1). The indications were that they originated from either a Boston or a Bickerdike machine, with Bickerdike being the more likely.

As a result of the article, David Allison sent copies of correspondence he had received from Paul Reynolds of Sketty in Swansea. Paul said the early C-crown-C mark was reminiscent of the British Bickerdikes of the same period (V-crown-R), but the way in which the length of the cancelling bars were shaped to the circle of the datestamp, was Boston.

There the matter rested until I visited George van den Hurk RDPSA early in August 1995. (It was George



WHEN LOOKING TO BUY OR SELL LOOK FOR THIS LOGO



DEAL IN CONFIDENCE THROUGH A SAPDA MEMBER

We do, from time to time, receive complaints from collectors regarding unsatisfactory business transactions. If the dealer is not a member of our Association our help for these people is, unfortunately, strictly limited.

On the other hand, our members are bound by the Association's strict Code of Ethics and, whilst we support and protect our members when they are in the right, we will do all we can to ensure justice for the complainant when they are not.

**LOOK FOR THE DEALER DISPLAYING THE SAPDA LOGO!
THIS IS THE PERSON YOU SHOULD BE DEALING WITH.
WE ARE THE ASSOCIATION TO WHICH THEY BELONG.**

**SOUTH AFRICAN PHILATELIC DEALERS ASSOCIATION
PO BOX 47285 PARKLANDS 2121**

Member of International Federation of Stamp Dealers Association

who had suggested that the C-crown-C mark ought to be included as a slogan, something which Vermaak did not do in his book.) While chatting to George about machine cancellations, he drew out a copy of the book *Standard Flag Cancel Encyclopedia* by Frederick Langford of Pasadena in the USA.

In this detailed work of more than 100 pages, Langford provides the answer to the type of machine used in Cape Town. He said that in the middle of 1897, efforts had been made to get some Bickerdyke (he spells it with a "y" in the third syllable) machines into use in the British postal service. Eight of them were put into service in England, and one more went to Cape Town, where it was installed in 1899. Langford said on the title page of his book, which was published in 1976, that it had been compiled from original sources, including official records no longer existing.

It now seems that we have to accept, until the contrary is proved, that the Cape Town C-crown-C impressions with large letters and crown emanated from a Bickerdike machine. It now also seems that we have to accept that the machine went into use in 1899.

What now remains, is to try to ascertain the day and month in 1899 on which the machine was commissioned. In the absence of definite details, a start would be to look at earliest dates of actual examples. Robert Goldblatt, in his *Postmarks of the Cape of Good Hope*, illustrated a Bickerdike cancellation with date 30 March 1899, which would have been on a Thursday. An illustration prepared by Franco Frescura and appearing on p30 of *The Post Office Stone*, Volume 15 Number 4 (Consecutive Number 84) December 1983, had a date of 28 March 1899, two days prior to Goldblatt's example. If there are readers who have earlier of similar dates, please let me know.

Associated with the date of introduction of the Bickerdike machine, is its date of withdrawal, or last day of use. The latest date I have seen is 3 June 1903. However, I think the machine remained in use until 1904, when a Columbia machine was introduced in Cape Town. There also may have been an overlapping period during which both machines were in use. We need to determine the latest date of usage for the Bickerdike. Who can help?




Fig 1

George van den Hurk also lent me several pages of material that had been photocopied from publications of which the titles were not included. From these pages, to which I would very much have liked to have given due recognition, I extracted the following information concerning the Bickerdike machine.

It was first produced in 1897. It was the first stamp cancelling machine to be driven by electric power, and letters could pass through the machine at a rate of 250 items per minute.

The next three items in Vermaak's book are the slogans UNION OF SOUTH AFRICA/UNIE VAN ZUID AFRIKA, POSTAGE FREE PASSED BY CENSOR, and PAQUEBOT. The information that has been published on these three items is rather scant. What appears here, is mainly from Vermaak.

There are two types of UNION OF SOUTH AFRICA slogan. They were used in the period 1910 to 1917. Who can give dates of actual items so that earliest and latest dates can be established? My collection contains only one partial item from 1913.

The first type of the slogan consists of a continuous impression. There are eight equi-distant horizontal lines of the same length between the circular datestamps. Seen from the top, the words UNION OF SOUTH AFRICA appear between the second and third lines, and UNIE VAN ZUID AFRIKA between the sixth and seventh lines.

Figure 2 shows type 1 of the slogan. The illustration comes from Vermaak's book. David Allison has pointed out that the letters MY for the

month in the illustration should presumably be MAY, because the type of machine involved did not have three-letter abbreviations for the month.

Type 1 was used in Johannesburg only, and then from 1910 to 1913. There were two types of circular datestamp for Johannesburg, but Vermaak did not indicate how they differed. Can any reader help, please? This first type of the slogan is scarcer than the second, because the second was used at four post offices.

It may be of interest to note here that the Union Postmaster-General's report for 1913 mentions that stamp cancelling machines had been installed at the Cape Town, Johannesburg, Durban and Port Elizabeth post offices.

The PMG report for 1914 said the use of stamp cancelling machines had been extended by the introduction of a third machine at the Johannesburg post office, and one at Pretoria.

